SARL Tak, Oos-Tranvaal-Laeveld

'n Kort opsomming van wat ek kon naslaan en onthou. (Vergeet nie dat die ou grys goedjies al redelik verhard het na bykans 88 jaar!)

My storie begin in 1977 toe ons na Ermelo verplaas is, en eindig in 1995 toe Jeffreysbaai gelok het.

Tak Oos-Tranvaal.

Lede van die tak is wydversprei – Bethal, Secunda, Carolina, Witbank, Middelburg, Belfast, Amsterdam, Chrissiesmeer, Ermelo, te veel om op te noem. Gevolglik was die hou van maandelikse vergaderings eintlik nie moontlik nie, en meeste van die aanbevelings ens. was oor die lug genoem en bespreek.

Die taklede was baie bedrywig met onder andere: Wachthuis Radio Reserwe (WRR), Hamnet, Tydrenne, Veldstasies, Jamboree en CQ Hou Koers, SARL kompetisies, ens. Dit het werklik die lede bymekaar gehou, was nuttig om sommer 'n vergadering te hou!!!

Met die koms van 2m herhalers in Pretoria en die Rand, was daar gevoel dat ons nie moet agterbly nie, spesifiek oor ons wydverspreidheid. Fondsinsameling het begin – byvoorbeeld, Dr Goolam Karim, ZS6VQ, het in sy spreekkamer op Bethal 'n TV stel uitgeloot, om maar een voorbeeld te noem, verder was die skenkings van so 'n aard dat ons die herhaler kon aanskaf.

Die bou van SASOL in Secunda het gesorg dat 'n Amerikaanse besoeker – Gunnar Ohlsen W6YB/ZS6BCZ 'n groot rol gespeel het in die bedrywighed van die tak. O.a. het hy toestemming verkry om die eerste staanplek van die herhaler bo op een van die koeltorings by SASOL, staan te maak. Amper was die dekking landwyk – die antenna was 80m+ hoog!! Januarie 1982. Ongelukkig, die ammoniak dampe wat by toring uitgekom het, het die kabels, antenna en herhaler kas binne enkele weke amper vernietig. Nuwe perseel moet gesoek word.

Verkry toestemming by OTK, installeer die herhaler in die silo te Estancia, gelukkig is die dekking goed vir al die lede van die tak. Weeklikse bulletin word gesamentlik oor die herhaler en 40m uitgesaai.

Op versoek van ETB (Oos-Transvaal Tak) word 'n vergadering te Badplaas gehou om die moontlikheid te bespreek om die herhalers van ETB en Laeveld te koppel. Saam met die afgevaardiges van Laeveld kom Nic Cronje, kenner van herhalers en kommunikasie soos min, nog nie 'n radio amateur nie. Die koppeling word gedoen, 2m kommunikasie is moontlik vanaf ongeveer Bronhorstspruit tot in die wildtuin! Dit gebeur ongeveer Oktober/November 1984.

Die gogga het gebyt en ZS6DubbelWhiskey maak sy verskyning. Nic onderhou die stelsel, maak verkuiwings en doen wie weet wat alles om dit te verbeter. Sonder sy toedoen en insette sou daar nie so 'n stelsel gewees het nie. Ek verstout my om by te voeg dat sover my kennis strek, dit die eerste koppeling van twee takke se herhalers was.

Die ledetal van ETB en Laeveld kwyn, en weer eens word samesprekings gehou om 'n oplossing te vind. Die gevolg – ETB en Laeveld word Tak Oos-Transvaal-Laeveld (OTL). Die datum wat dit plaasgevind het my ongelukkig ontgaan. Moontlik sal SARL, of notules van Laeveld die antwoord kan gee.

Die gedagte word ge-opper om die herhaler van Tak Pretoria op ‘n aanskakel basis met OTL te koppel. ‘n 1500Hertz toon skakelaar word ontwerp, gebou en in werking gestel. Ingesluit is ‘n welkom boodskap van Nic, sodra die skakeling gedoen word. Dit was iets nuuts en het byval gevind omdat die 2m dekking geweldig uitgebrei het. Ongelukkig – dit het nie baie lank gehou nie, want dit was nie prettig vir die OTL lede om van vroeg tot laat te hoor hoe die welkom boodskap tot vervelens toe uitgesaai word nie. Hierdie probeerslag het in 1987 plaasgevind.

Met die samesmelting van die twee takke het die admin. grootliks Nelspruit toe geskuif. As gevolg hiervan het ek eintlik die verdere gebeure in die tak misgeloop. Moontlik kan besonderhede daar bekom word by van die lede wat nog kan onthou.
Die sosiale byeenkomste, veldstasies, naweek kampe, kompetisies, tak vergaderings, ens. het eerder baie beter as slegter geword, ten spyte van die gewone doemprofete se voorspellings! Wat ‘n plesier was dit om vir ‘n dag of twee weg te breek Laeveld toe!!